STADSRAAD VAN PRETORIA PUM
CITY COUNCIL OF PRETORIA
DIREKTORAAT OPENBARE BETREKKINGE
Munitoria, Kantoor van die Uitvoerende Hoof/ Stadsklerk
Posbus 440, Pretoria, 0001
Telefoon (012) 313-8180
Telefaks (012) 21-5171
PUBLIC RELATIONS DIRECTORATE
Munitoria, Office of the Chief Executive/ Town Clerk
PO Box 440, Pretoria, 0001
Telephone (012) 313-8180
Telefax (012) 21-5171

MUNITORIA
FORT SCHANSKOP

9/2/258/8

PRETORIA

# FAKSVOORBLAD • FAX COVER SHEET

RECEIVED 21 June 1994.

DATUM:
DATE: 21 JUNIE 1994 -

VAN:
FROM: DESIRÉE HOMANN
TEL 313 7175

AANTAL BLADSYE, VOORBLAD INGESLUIT:
NUMBER OF PAGES, INCLUDING FRONT PAGE:

VOORTREKKER MONUMENT & NATUURREEERVAAT — MNR LUTHER BEZUIDENHOUT
DIE RAAD OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE — MR WA MARTINSON
SOUTHERN CROSS LEGION OF WAR VETERANS — CARE OF KRAENER, WESEMANN & PETERSEN
GROENKLOOF BELASTINGBETALERSVERENIGING — MNR JOHAN DE RIDDER
WATERKLOOF HUISEIENAARSVERENIGING — MNR LUKAS UYS
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING — DR G-M VAN DER WAAL
DIE NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM — MNR UDO KÜSEL
RAADSLID L. CLOETE

RAADSLID FJ STEYNBERG

Munitoria Xerox 0174

# STADSRAAD VAN PRETORIA
# CITY COUNCIL OF PRETORIA

Munitoria, Kantoor van die Uitvoerende Hoof/ Stadsklerk
h/v Vermeulen- en Van der Waltstraat
Posbus 440, Pretoria, 0001
Telefoon (012) 313-8180
Telefaks (012) 21-5171

Munitoria, Office of the Chief Executive/ Town Clerk
cor Vermeulen en Van der Walt Streets
PO Box 440, Pretoria, 0001
Telephone (012) 313-8180
Telefax (012) 21-5171

PRETORIA

## DIREKTORAAT OPENBARE BETREKKINGE • PUBLIC RELATIONS DIRECTORATE

U verw:
Your ref:

Ons verw:
Our ref:

Navrae:
Enquiries:

21 Junie 1994

Geagte meneer

Soos u reeds weet, is die Stadsraad van Pretoria die nuwe eienaar van Forte Klapperkop en Schanskop. Die Raad is tans besig met 'n ondersoek na die toekomstige benutting/aanwending van die forte, waarby die privaat sektor betrek sal word.

Die Stadsraad wil graag soveel as moontlik belangegroepe se voorstelle/menings inwin. Om hierdie rede heg ons hierby 'n afskrif van die konsepverslag oor die aangeleentheid aan. U moet hierdie verslag asseblief geensins as finaal beskou nie, maar bloot as 'n raamwerk waarby ander insette nog ingevoeg kan word.

Die Raad se Departement Kultuur en Rekreasie, in samewerking met die Departement Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, hou 'n vergadering op Donderdag, 30 Junie, om 10:00, waartydens belanghebbendes meer volledig toegelig sal word. Ons sal dit baie hoog op prys stel as u of 'n verteenwoordiger van u organisasie/vereniging die vergadering kan bywoon.

Die vergadering vind in die Mootkamer, 2de vloer, Munitoria, plaas. Dit sal waardeer word as u my voor of op Dinsdag, 28 Junie, by tel (012) 313-7175, kan laat weet of u sal bywoon.

By voorbaat baie dankie vir u belangstelling

Homann.

MEV D HOMANN
SKAKELBEAMPTE

...nne sewe dae vanaf datum hiervan skriftelik aansoek doen, sal 'n soortgelyke brief in die ander amptelike landstaal aan u gepos word.
...itten request is made within seven days of the date hereof, a similar letter in the other official language will be sent to you.
Munitoria M~Z0194

DSB 41/0/25
B. COETZEE

VOORGESTELDE ONTWIKKELING: FORTE SKANSKOP EN KLAPPERKOP GELEË OP GEDEELTES VAN DIE PLAAS GROENKLOOF 358 JR

GESAMENTLIKE VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: STEDELIKE BEPLANNING EN ONTWIKKELING EN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: KULTUUR EN REKREASIE

1. Agtergrond

Forte Klapperkop en Skanskop is tot onlangs deur die Staat besit en deur die Suid-Afrikaanse Weermag as militêre museums bedryf. Daar moes egter jaarliks vir 'n verlies van ongeveer R350 000 begroot word ten einde 'n aanvaarbare peil van instandhouding te handhaaf. Vanweë besnoeling in die verdedigingsbegroting is die eiendomme onlangs aan die Stadsraad te koop aangebied. Die Raad het vervolgens besluit om die eiendomme teen 'n totale prys van R 640 000 aan te koop en het dus verantwoordelikheid aanvaar vir verdere onderhoud en instandhouding van die bestaande geboue en tuine.

2. Finansiële implikasies

'n Ondersoek na die opgraderings-, vestigings- en bedryfskostes wat van toepassing gaan wees by die forte word tans onderneem in samewerking met die Uitvoerende Direkteur: Kultuur en Rekreasie. Daar word egter alreeds op hierdie stadium verwag dat dit nie haalbaar sal wees om die forte as museums te bedryf nie weens die verwagte hoë koste wat onder andere te wyte sal wees aan restourasie, sekuriteitsuitgawes, instandhouding, indiensneming van geskikte personeel en verbeterde infrastruktuur.

Ten einde te voorkom dat 'n addisionele finansiële las op die Stadsraad se begroting geplaas word is dit noodsaaklik dat die gebruikspotensiaal van die terreine benut word. Daar word dus voorgestel dat die privaatsektor genooi word om voorstelle vir die benutting van die gebruikspotensiaal volgens bepaalde riglyne aan die Raad voor te lê.

3. Voorgestelde ontwikkeling

Daar word verwag dat verskeie ontwikkelaars in veral die Klapperkopterrein belang sal stel. Die bestaande geskiedkundige geboue en strukture moet egter bewaar word en die Raad moet voldoende beheer hê oor die vorm en omvang van enige ontwikkeling wat mag plaasvind. Sodra die Raad die beoogde ontwikkeling van die aangewese ontwikkelaar goedkeur sal dit steeds deur die ontwikkelaar opgevolg moet word deur ondersoeke ten einde die impak van die ontwikkelingsvoorstelle op die omgewing en die geskiedkundige geboue en strukture te kan bepaal (geintegreerde omgewingsbestuurprosedure), en deur die nodige wysiging van grondgebruiksregte.

Ten einde die privaatsektor in staat te stel om aanbiedinge vir die ontwikkeling van die betrokke eiendomme te kan maak moet die Raad uiteraard bepaalde riglyne neerlê waarvolgens enige ontwikkeling moet plaasvind. Beheer oor die finale vorm en omvang van die ontwikkeling word deur middel van die goedgekeuring van terreinontwikkelings- en landskapontwikkelingsplanne verkry. Slegs oorhoofse riglyne word neergelê om sodoende die grootste mate van buigsaamheid aan ontwikkelingsvoorstelle te verleen.

Die vestiging van die volgende tipes aktiwiteite kan, onder andere, op die terreine oorweeg word.

1. Oornag verblyf
2. Verversingsplekke
3. Teetuin en onthaalfasiliteite
4. Wynveilings, handwerkveilings en kunsuitstallings

4. Voorwaardes

Die belangrike aspekte waarbinne enige voorstelle geformuleer moet word en waarvan geen afwykings toegelaat sal word nie word hieronder uiteengesit:

1. Die integriteit van die forte moet behoue bly.
2. Versteuring van die uitsig en kimlyn (indien enige) moet met die grootste omsigtigheid hanteer word.
3. Voorgestelde geboue moet nie die forte domineer nie.
4. Geen nuwe geboue en strukture moet binne ....m vanaf die geskiedkundige geboue toegelaat word nie.

5. Historiese reste (soos uitkyktoring) moet bewaar word.
6. Veranderings en ombouings van bestaande geskiedkundige geboue sal nie toegelaat word nie.
7. Geen grootskaalse versteuring van die natuurlike omgewing sal toegelaat word nie.
8. Die Herdenkingstandbeeld by Fort Klapperkop moet behoue bly.

Dit word beoog om 'n keuse aan die privaatsektor te bied en twee alternatiewes sal aan die privaatsektor voorgelê word.

In die eerste geval, sal die bestaande forte ook deur die voornemende ontwikkelaar vir gebruike aangewend kan word binne die raamwerk van die riglyne soos in die verslag uiteengesit is. In die tweede geval sal die Stadsraad steeds verantwoordelikheid aanvaar vir die bedryf van die forte as museums en dus verantwoordelik wees vir die uitgawes daaraan verbonde. Hierdie uitgawes sal dan, indien moontlik verhaal moet word uit die ontwikkeling wat toegelaat sal word.


5. Ander belangegroepe

AANBEVELING

1. Dat die privaatsektor by wyse van openbare tender genooi word om aanbiedings te doen vir die bedryf, instandhouding en verdere benutting van die gebruikspotensiaal van die Klapperkop en Skanskopterreine.

2. Dat die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling in oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Kultuur en Rekreasie, die nodige tendervoorwaardes in ooreenstemming met die riglyne wat in die voorgaande verslag vervat is, opstel.

3. Dat die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, nadat die tender gesluit het, 'n verdere verslag met kommentaar ten opsigte van elke tender wat ontvang is, aan die Raad voorlê.


MAGAZINE HILL
SALVOKOP
SKANSKOP
G R O E N K L O O F


SCHOOL
536
HERBERT
BAKERSTRAAT
VAN WOUW
STREET
BAINES
WENNINGSTRAAT
BAINS ST.
HERBERT
BAKER
STR
KLAPPERKOP FORT
Klapperkop Reservoir